BYBELSTUDIE OPENBARING HOOFSTUK 1:4-6.

Johannes ontvang die opdrag om aan die sewe gemeentes te skryf. Die briefbundel is geskryf en sistematies aangestuur dwarsdeur die Romeinse provinsie Asië [vandag se Turkye]. Daar is dit aan die gemeentes gelees. Openbaring 1:4-5 vorm die inleiding. Die skrywer maak net soos Paulus nie van ’n kort Griekse inleiding gebruik nie [vgl. Jak.1:1]. Hy gebruik die Oosterse formule, naamlik: afsender [naam van skrywer]; ontvangers [lesers]; oordra van groete.

1. LEES vers 4-5.
   Voltooi die volgende:
   Afsender:
   Ontvangers:
   Groete:

2. Die brief is gerig aan die “**sewe** gemeentes” in Klein-Asië. Maar tog was daar meer as sewe gemeentes in die gebied. Buiten die sewe gemeentes wat genoem word in 1:11, weet ons ook van Hiërapolis, Kolosse, Tralles, Troas en Magresië. Waarom noem vers 4 spesifiek **sewe** gemeentes?

3. LEES Openbaring 1:4, 5a; 3:1; 4:5; 5:6; Jesaja 11:2.
   Wie is die sewe Geeste voor sy troon? Hoekom sê u so?

4. LEES vers 4 en 5a.
   Wie deel almal die seën uit aan die sewe gemeentes en daarmee aan die kerk op aarde?

5. LEES vers 5-6.
   Hier word verduidelik wat Jesus Christus alles gedoen het en steeds doen. Skryf dit neer en tel dit. Wat is die totaal? Wat beteken dit?

6. LEES: Eksodus 3:14; Openbaring 1:4b: *Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom.*
   Hierdie naam wat aan God toegeskryf word, is ’n merkwaardige naam. Die Grieke het hulle god Zeus genoem: Zeus wat was, Zeus wat is, Zeus wat sal wees. Wat maak God se naam so merkwaardig?

7. LEES: vers 6.
   Wat is die betekenis en doel van die woordjie *amen*?

B. ANTWOORD.

1. Afsender: van Johannes.
   Ontvangers: Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië.
   Groete: Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom en van die sewe Geeste voor sy troon en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.
2. Die woord gemeente kom van die Griekse woord "Ekklesia" wat uitgeroepenes beteken. Die sewe gemeentes in Openbaring verteenwoordig gelowiges wat deur die Here geroep is – gelowiges in die wêreld wat aan Hom behoort. Dat dit sewe gemeentes is beteken dat dit om meer gaan as die sewe gemeentes in Klein-Asië. In Openbaring is sewe die getal van volheid. Hierdie sewe gemeentes verteenwoordig die volle kerk van Christus op aarde. Elke gemeente moet hoor wat die Gees sê.
3. Die sewe Geeste voor sy troon [3:1; 4:5; 5:6] dui op die Heilige Gees en sy volheid en volkomenheid. Daarom die getal sewe. Daar is 'n gedagte dat dit verwys na die sewe aartsengele voor die troon van God. Hulle is bekend in die Joodse tradisie. Maar in al drie die plekke in Openbaring waar ons van die sewe Geeste lees [3:1; 4:5; 5:6], word Geeste met 'n hoofletter geskryf. Ons moet ook daarop Let dat die Heilige Gees saam met God en Jesus Christus genoem word as die bron van ons genade en vrede.
4. Die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees.
5. Hy is 'n geloofwaardige getuie.
   Hy is die eerste wat uit die dood opgestaan het.
   Hy is die heerser oor die konings van die aarde.
   Hy het ons uit liefde deur sy bloed van ons sondes verlos.
   Hy het ons sy koninkryk gemaak.
   Hy het ons priesters vir God sy Vader gemaak.
   Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.
   Weer sewe!
   Jesus Christus – die Een oor wie dit gaan – is dus volledig, volkome, volmaak, soos die getal sewe simboliseer.
6. In Eksodus word alleen gesê: Ek is wat Ek is! In Openbaring is dit meer uitgebrei en omvattend. Hierdie manier om oor 'n god te praat was nie onbekend in die Griekse wêreld nie. Hulle Griekse god Zeus is genoem: Zeus wat was, Zeus wat is, Zeus wat sal wees. Juis dit is die verskil tussen die Griekse god Zeus en Johannes se beskrywing van die Vader. God is en

was nie maar net nie. Hy kom! Johannes gaan later in Openbaring erge vervolging wat vir die gelowiges wag, beskryf. Maar hulle mag nou reeds weet hulle het ’n God wat nie maar iewers op ’n berg “was en sal wees nie”. God sal in hulle situasies inkom en uiteindelik die aarde kom nuut maak.
7.Hierdie woord kom van die Ou-Testamentiese “mag dit so wees” of “laat dit so wees”. Dit doel van die woord amen is om die voorafgaande te waarborg en te bevestig.

****